
# 435 Sou die graf my nog laat bewe?




Eenmaal word die kaf en koring by die wederkoms geskei;
dan sal Hy, die regterkoning, weer sy volk in vrede lei.
Wie Hom nie om guns gesmeek het, sal dan sien wie hul deursteek het;
maar sy volk sal dankbaar juig, bly die knieë voor Hom buig.

Met Hom kom die heil'ge eng'le glansryk op die tyd se kruin;
en sy oordeel klink regverdig met die laaste groot basuin.
Hul wat in die Heer ontslaap het, die geseëndes van die Vader,
word dan heerlik opgewek; vind 'n voorbereide plek.

Johann Rosenmüller (1620-84) Duits (16de eeu) verw. C. Anton (+1658)